Besorgde inwoners oorhandig memorandum

■ JOHAN BRITS

HEILBRON. – 'n Pastoor van dié dorp wat onlangs op sy plaas amper in 'n vuurwapenloop vasgekyk het, het gister as deel van 'n nasionale protesoptrede teen misdaad 'n memorandum aan die Heilbronse polisie oorhandig.

Past. Marius Delport van die plaas Palestina het tydens die oorhandiging aan kapt. Jaco Naudé, bevelvoerder van die eenheid misdaadvoorkoming, gesê die gemeenskap steek 'n hand van vriendskap en vrede uit en wil help om misdaad te beveg.

Duisende mense van oor Suid-Afrika heen het gister aan Solidariteit se protesoptrede teen misdaad deelgeneem.

Delport meen landsburgers kla voortdurend oor die hoë misdaad, maar voel niks word daaraan gedoen nie.

Mnr. John Keogh van die Heilbron-plaaswag, 'n beveiligingstruktuur vir boere, sê luidens hul eie syfers is 470 beeste sedert Januarie in die Heilbron-omgewing gesteel. " 'n Groot gedeelte van die vee is danksy plaaswagpatrollies teruggevind. Altesaam 67 hiervan is as gesteel (by die polisie) aangemeld.

"Van die 176 skape wat gedurende dié tyd gesteel is, is 173 as gesteel aangemeld. Dit is 'n groot klomp geld wat uit die gebied gaan. Heilbron is 'n baie maklike toegangsroete tot die Vaaldriehoek. Dit is baie maklik om gesteelde vee in Gauteng te kry."

Keogh sê dié struktuur is reeds lank gelede gestig om te help met die misdaadprobleem, asook algemene beveiliging.

Mnr. Paul Bergh, organiseerder van die protesaksie hier, meen landsburgers betaal reeds belasting wat vir onder meer polisiedienste aangewend word, maar nou moet mense nog verder opdok om veiligheidshekke en dergelik by hul huise aan te bring. "Ons betaal nou eintlik dubbel," het hy aan *Volksblad* gesê.

PAST. MARIUS DELPORT (links voor), het gister 'n memorandum oor misdaad aan kapt. Jaco Naudé (regs voor) van die Heilbronse polisie oorhandig. Agter is van links mev. Rinette Naudé, bestuurslid van Heilbron se grondeienaar-en-inwonersvereniging (HGIV), mnre. Wynand du Plessis en Johan Greyling, lede van Solidariteit, Paul Bergh, organiseerder van die protesaksie, John Keogh van die Heilbron-plaaswag en mev. Rita Serfontein, 'n besorgde inwoner. FOTO: JOHAN BRITS

Naudé sê die polisiekantoor waardeer die goeie gesindheid waarmee die memorandum oorhandig is opreg.

"Ek verstaan die kommer rondom die veediefstalle. Die memorandum gaan vandag (gister) nog na die provinsiale polisiekantoor gestuur word.

"Ons sal so gou moontlik terugvoering gee met tersaaklike feite."

■ Drie mans het vier weke gelede vroegoggend by Delport se huis ingebreek. Een van die mans was gewapen en twee was minderjarig. Een van die minderjariges is 'n kleinkind van Delport se huiswerker.

Delport sê hy het nooit verwag die kleinkind sal so iets doen nie.

"Ek was goed bevriend met hom. Hy het altyd sakgeld gevra, wat ek nooit geweier het nie."

In die polisieondersoek is bevind die beskuldigdes was reeds agt keer in sy huis voor die oggend wat hulle betrap is.

Hulle is reeds aangekeer.